Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
AUGUSTUS 2024

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

#C4ourself

CHELSEA-BLOMMESKOU EERSDAAGS IN STANFORD TE SIEN!

Vroeër vanjaar het Suid-Afrika nie net 'n goue medalje by die RHS Chelsea-blommeskou in Londen verower nie, maar ook die toekennings vir die beste uitstalling in die pawiljoen en die beste nuwe ontwerp beklink.

Onder leiding van hoofontwerper Leon Kluge en kunstenaar Tristan Woudberg het 'n groep vrywilligers 'n spesieskouspel (wissellende van fynbos wat hoog in die berge voorkom tot bolplante eie aan die strandveld) teen 'n agtergrond van enorme klei-beeldhouwerke geskep.

Suid-Afrika se triomfantlike terugkeer na hierdie skou is te danke aan die Grootbos-privaat natuurreservaat en verskeie medewerkers vanuit die privaatsektor wat finansiële steun verleen het.

Die opwindende nuus is dat Leon en sy span besig is om hierdie bekroonde ontwerp huis toe te bring sodat Suid-Afrikaners hulle ook in die glorieryke tentoonstelling van 'n paar uiters seldsame spesies teen die "agtergrond" van die ruwe Kaapse berge kan verlustig.

'n Presiese, volgrootte weergawe van die bekroonde ontwerp gaan in die geskiedkundige dorpie Stanford herskep word.

20 September tot 6 Oktober 2024

"Te danke aan die Grootbosstigting se entoesiasme en jare lange verbintenis tot die bewaring van fynbos, is die allerbeste van die wêreldbekende RHS Chelsea-blommeskou op pad Stanford toe," het die beskermvrou van hierdie tentoonstelling uit eie bodem wat as ***Chelsea Flowers in Stanford*** bekend sal staan, Overstrand-burgemeester dr. Annelie Rabie, aangekondig. "Hierdie is 'n eenkeer in 'n leeftyd geleentheid nie net vir Overstranders nie maar ook vir besoekers van heinde en verre, en ek is vas oortuig dat dié tentoonstelling 'n dawerende sukses sal wees."

Chelsea Flowers in Stanford sal van 20 September tot 6 Oktober 2024 oop wees vir die publiek.

'n Private versameling van botaniese fynboskunswerke, bekend as die Grootbos Florilegium, sal ook uitgestal word tesame met bloemlesings en afdrukke wat te koop aangebied word. Vir navrae of meer inligting, kontak info@grootbosfoundation.org of bel 028 384 8038.

PUT NUT UIT MUNISIPALE TOEP

SELFBEDIENING BY MUNISIPALE KANTORE BETREE TOETSFASE

As deel van sy voorneme om voortdurend uitnemende dienslewering na te streef en in 'n poging om oorhoofse koste te bekamp, is Munisipaliteit Overstrand tans besig om selfbedieningsopsies by sy onderskeie munisipale kantore te ontplooi.

In wese kom dit daarop neer dat ons (byna) dieselfde gerief wil bied aan instap-kliënte as wat reeds deur die gebruikers van die Collab Citizen App geniet word: Geen toue en geen onnodige papierwerk nie.

Bykomende voordele wat dié toepassing bied:

Tik op die "Accounts"-ikoon om toegang tot die volgende opsies te verkry:

- Account balance
- Account in arrears
- Account enquiries
- Change debit order
- E-mail or SMS my account
- Electricity meter reading
- Water meter reading
- Rebate application – water leak
- Refund request
- Disconnect: Electricity
- Disconnect: Water

Tik op die "Change contact information"-ikoon om toegang tot die volgende opsies te verkry:

- Change contact number
- Change e-mail address
- Change postal address
- Change street address

Meld aan en bly op hoogte van vordering met jou diensversoeke sonder dat dit nodig is om opvolg telefoonoproepe te maak:

- Meld bloot aan, tik op die relevante ikoon, volg 'n paar eenvoudige stappe en dien in.
- Ons sal jou van 'n verwysingsnommer voorsien en jou op hoogte van vordering met jou versoek hou, mits jy intydse bywerkings geaktiveer het deur op jou foon op die toepassing se "Notification"-opsie te tik.
- Al wat jy hoef te doen, is om na die "Service Requests"-afdeling te navigeer en "My List" te kies om 'n lys van al jou versoeke te sien. Tik bloot op 'n versoek om sy status en jou verwysingsnommer te bekyk.
- Om ons terugvoer op jou versoek te bekyk, tik op "Comments". Jy kan selfs op enige tydstip jou eie kommentaar byvoeg deur op "Add Comments" onderaan die skerm te tik. Ons sal onmiddellik in kennis gestel word dat jy kommentaar bygevoeg en sal so gou as moontlik daarop antwoord.

Die toepassing kan op enige plek in die wêreld gebruik word. As jy dus 'n vakansiehuis in die Overstrand het, kan jy 'n tenkerdiens, byvoorbeeld, twee of drie dae vóór jou aankoms bestel sonder om 'n enkele telefoonoproep te maak. Vind die groen Collab Citizen-ikoon in die Google Play Store, Apple App Store of Huawei App Gallery en laai vandag nog af!

STORMS ONTWRIG WATERMETERLESINGS

Alhoewel Munisipaliteit Overstrand poog om water-meters gemiddeld elke 30 dae te lees, is hierdie siklus deur Julie se storms ontwrig.

Dit het tot gevolg gehad dat munisipale water- en elektrisiteitsmeters in sommige areas later as gewoonlik gelees is.

Om hierdie rede oorskry waterverbruik, soos aangetoon op die geaffekteerde areas se munisipale rekeninge vir Julie-maand, die "gebruiklike" 30 dae.

Neem kennis dat in geval van langer periodes, inwoners nie ten opsigte van die toepassing van tariefglyskale gepenaliseer word nie. Die totale bedrag word teen die korrekte aantal dae bereken en word in die opvolgende periode gehef.

Gevolglik kan die tydperk en bedrag, soos weerspieël op die Julie-rekening, vir meer as 30 dae wees wat hoër heffings op die rekening vir Augustus kan meebring.

Waar geen lesings van munisipale verbruik vir Julie geneem kon word nie, is die gemiddeld oor die afgelope drie maande as skatting gebruik.

Hier volg 'n voorbeeld van hoe heffings vir water-verbruik oor 'n tydperk van tot op 40 dae bereken word:

- **12 kℓ oor 30 dae = R152.72**
- **14 kℓ oor 35 dae = R178.18**
- **16 kℓ oor 40 dae = R203.63**

Omdat die munisipaliteit die gemiddelde verbruik in sommige gevalle gebruik, kan die gemiddeld in sulke gevalle minder wees as die werklike lesings wat later geneem is aangesien die erge weerstoestande eers in Julie voorgekom het.

OVERSTRAND WYKSKOMITEE TERUGVOERING

Hiermee 'n kort opsomming van pertinente aangeleenthede en sake bespreek tydens die publieke wyksvergadering gedurende Julie 2024. In gevalle waar aangeleenthede nie dadelik opgelos kon word nie, het die wyksraadslede onderneem om terugvoering so gou moontlik aan inwoners te verskaf.



HERMANUS (WYK 3, 4, 5, 6, 7, 8, 12 EN 13)

WYK 3	KLAGTES / KWESSIES GEOPPER	VOORSTELLE	WEG VORENTOE
Hermanus, Voëlklip en 'n gedeelte van Westcliff (eiendomme oos van De Goede-straat, d.w.s. Onkologie-eenheid)	**Mini-aflaaipunt in 7de Straat:** Talle inwoners het klagtes oor hierdie naweekfasiliteit geopper	● Opgradering van die Prawn Flats-aflaaipunt en herdink die OK-aflaaipunt	■ Ondersoek haalbaarheid van voorgestelde verskuiwing van aflaaipunt na Prawn Flats ■ Versoek voorstelle vir alternatiewe terreine
	Verordening oor katte en honde: In die algemeen het die publiek hul misnoeë te kenne gegee omdat geen van hulle voorstelle by die verordening geïnkorporeer is nie en omdat die dokument se gehalte (taal- en spelfoute) veel te wense laat	● Onderneem nog 'n rondte van openbare deelname	■ Onderwerp die verordening oor katte en honde aan taalversorging
	Voorgestelde hondepark in Impalastraat, naby die speelpark in Northcliff	● Doen nog 'n rondte van openbare deelnaam	■ Ontwerp omheining ■ Beplan interne uitleg ■ Versoek voorstelle vir alternatiewe terreine

WYK 4	AANGELEENTHEDE GEOPPER	VOORSTELLE / AANBEVELINGS	AANTEKENINGE
Mount Pleasant, Hemel-en-Aarde-vallei en 'n gedeelte van Westcliff (eiendomme wes van De Goede-straat, d.w.s. Huis Lettie Theron)	**Oorskryding van Mount Pleasant-begraafplaas se kapasiteit en gebrek aan spasie**	● Neem die memorandum van verstandhouding (MoV) wat in 2018 aangegaan is rakende grond wat vir die ontwikkeling van maatskaplike behuising geoormerk is weer in oënskou	■ Na afloop van die 2018-onrus het die gemeenskap 'n MoV aangegaan wat bepaal dat alle beskikbare stukke grond in Mount Pleasant vir behuising gebruik sal word
	Munisipaliteit se vermoë om skade aan eiendom en infrastruktuur weens stormweer te hanteer en na behore te herstel	● Aangesien befondsing vir spesifieke behoeftes ooreenkomstig die ooreengekome geïntegreerde ontwikkelingsplan toegewys word, is daar weer eens 'n beroep op lede van die publiek gedoen om openbare vergaderings by te woon sodat toereikende voorsiening vir dringende behoeftes gemaak kan word	
	Elektrisiteitstariewe en aantal eenhede per Rand-waarde		■ NERSA se huidige tariefstruktuur sowel as die gevolglike stygings in tariewe wat van 1 Julie 2024 geld, is weereens in detail aan die aanwesiges verduidelik

WYK 5	
Zwelihle	*Neem kennis dat hierdie vergadering uitgestel is tot volgende week*

WYK 6	AANGELEENTHEDE / KWESSIES GEOPPER / BESPREEK	VOORSTELLE
Zwelihle	**Vordering rakende besluit oor ideale ligging vir mobiele polisiestasie**	● 'n Openbare vergadering moet gereël word om die nuwe SAPD-stasiebevelvoerder aan alle wyke in Zwelihle bekend te stel
	Stygende misdaadsyfers	
	Waarskynlikheid van vergoeding vir skade wat deur vandalisme veroorsaak is (versekeringseise)	
	Vordering rakende besluit oor 'n geskikte perseel waar 'n biblioteek in Zwelihle opgerig en gehuisves kan word	

WYK 7	AANGELEENTHEDE / KWESSIES / BESWARE GEOPPER / BESPREEK	KOMMENTAAR / VOORSTELLE
Sandbaai	**Opgradering van die volgende sypaadjies moet geprioritiseer word:** ■ Hoofweg (van Jimmy Smith- tot Kusweg) ■ Kusweg (van Hoofweg tot pompstasie) ■ Endstraat	
	Besware is geopper rakende die voorstelle om die ingang/uitgang na en van Agrimark en die Engen-motorhawe te beveilig (d.w.s. om 'n verhoogde voetgangeroorgang tesame met 'n waarskuwingsteken op te rig/aan te bring)	● Die voorstel is dat die uitgang by die Engen-motorhawe regsdraai verbied. Dit kom daarop neer dat verkeer in die rigting van die verkeersirkel sal vloei en weer terug na die verkeersligbeheerde aansluiting waar motoriste kan kies om óf links (rigting Kaapstad) óf regs (rigting Hermanus) te draai

WYK 8	KWESSIES GEOPPER RAKENDE INFRASTRUKTUUR / DIENSLEWERING	DUIDELIKHEID VERLANG / BEHOEFTES GEOPPER
Fisherhaven, Hawston	**Stormwater/riolering** ■ Dringende aandag moet geskenk word aan verstopte kanale, dreinerings-probleme en die septiese tenk by die Hawston-biblioteek ■ Werk moet gemaak word van agterstande met die lewering van suigtenkdienste **Paaie:** ■ Kusweg moet herverseël word	**Heelwat van die aanwesiges het versoek dat meer inligting/ duidelikheid oor die volgende aspekte verskaf word:** ● Deernishulp en kortings vir pensionarisse ■ die verskil tussen die twee ■ die onderskeie kwalifiserende kriteria ■ die duur van goedkeuring verleen ■ hoe lank dit neem om aansoeke te verwerk ■ die moontlikheid dat amptenare besoeke tuis kan aflê om diegene wat té oud/verswak is met die indiening van hul aansoeke by te staan ● Openbare deelname ten tyde van die begrotingsproses en die gevolglike voorstelle met betrekking tot tariefverhogings ● Munisipaliteit Overstrand se visie en strategiese doelwitte vir Hawston: voorneme om die plaaslike ekonomie te ontwikkel deur, byvoorbeeld ■ geskikte areas vir kleinsakeontwikkeling te identifiseer ■ 'n toerismeplan te formuleer ■ plaaslike arbeid in diens te neem sodat hulle kan baat by groot projekte soos die Hawston-sportstadion en ■ aandag te skenk aan inwoners se onmiddellike behoeftes soos om ten minste groot name in die verbruikersbedryf te nooi om voorstelle vir 'n mini-mark in Hawston voor te lê

WYK 12	
Zwelihle	*Neem kennis dat hierdie vergadering uitgestel is tot volgende week*

WYK 13	KWESSIES GEOPPER	TERUGVOER/WEG VORENTOE
Onrus, Vermont	**Indringerplante langs die R43-padreserwe hou 'n ernstige brandgevaar in**	● Dié saak is onder die Wes-Kaapse regering se aandag gebring. Geen terugvoer is tot op hede ontvang nie
	Omheining langs die R43 hou ook 'n groot veiligheidsrisiko in en moet dringend aandag geniet	● Kosteberamings sal onderneem word
	Sypaadjies in Lynx-/Hoofweg en by Davie se Poel moet dringend herstel word	● Dit mag dalk nodig wees om Lynx-/Hoofweg in seksies te verdeel sodat beskikbare fondse volgens prioriteit aangewend kan word; kosteramings sal onderneem word
	Rolstoelgebruikers veroorsaak ontwrigtings in Hoofweg en dit is moontlik dat hierdie gedrag verband hou met misdadige aktiwiteite soos om op die uitkyk te wees vir eiendomme wat vatbaar vir huisbrake is	● Die hulp van die SAPD en die direktoraat: openbare veiligheid sal ingeroep word om 'n profiel van die vermeende oortreders saam te stel en om verbandhoudende bewyse te ontleed
	Maiden's Rock Chair by Davie se Poel: Hierdie rotsformasie is van beduidende historiese belang maar soos sake nou staan, is dit óf weg óf met sement toegegooi	● Hierdie saak sal ondersoek word

GANSBAAI/STANFORD (WYK 1, 2, 11 EN 14)

WYK 1	PUNTE OF WYKSKOMITEE SE SAKELYS	TERUGVOER: Aansoek om oprigting van 'n bankie ter nagedagtenis op plaas 645/0 SSN:
Stanford, Thembelihle **WYK 2** **Gansbaai (noordoos), Masakhane** **WYK 11** **Baardskeerdersbos, Eluxolweni, Pearly Beach, Buffeljagsbaai, Franskraal** **WYK 14** **Blompark, De Kelders, Gansbaai (suidwes), Van Dyksbaai, Kleinbaai**	• Bedryfsplan • Hersiene beleid oor wykskomitees • NERSA se terugvoer oor wat dit kos om elektrisiteit aan Overstrand te lewer vergeleke met die inkomste wat daaruit geïn word • Verslag oor risikobestuur soos voorgelê deur die munisipale komitee oor openbare rekeninge (MPAC)	**Goedgekeur met dienverstande dat:** ● 'n gestandaardiseerde bankie opgerig word en dat die aansoeker vir alle koste aanspreeklik gehou word; en dat geen beeldjies opgerig word nie ● Geen standbeelde en/of monumente toegelaat nie
		KWESSIES GEOPPER TERUGVOER / WEG VORENTOE
		• Hawelose mense en rondlopers toenemend 'n bron tot kommer in Franskraal. **Wetstoepassing moet ondersoek instel na dié aangeleentheid**
		• Gegewe die toename in verkeersdrukte as gevolg van nuwe ontwikkelings, is meer as een toegangspunt tot Groenberg in Kleinbaai nodig
		• Duiwelgatstaproete **Die omgewingsbewarings-departement sal eersdaags met instandhouding van hierdie roete begin**

KLEINMOND (WYK 9 EN 10)

WYK 9	AANGELEENTHEDE GEOPPER	KWESSIES AANGESPREEK	TERUGVOER / PAD VORENTOE
Kleinmond, Mountain View, Palmiet, Beverly Hills, Uitbreiding 6, Proteadorp	**Tydige aansoeke om deernis-hulp:** Lede van die wyskomitee het hul kommer uitgespreek oor die swak bywoning van verbandhoudende inligting-sessies en die lae aantal aansoeke wat tot op hede ontvang is. Selfs al kan diegene wat vir hierdie tipe ondersteuning kwalifiseer enige tyd van die jaar aansoek daarvoor doen, is dit raadsaam dat hulle hul aansoeke so gou as moontlik indien	● Gebrek aan vordering met en ongerief veroorsaak deur huidige **opgradering van stormwaterstelsel**	■ Lede van die wykskomitee het kennis geneem van die frustrasies wat deur hierdie uitgerekte projek veroorsaak word. Ter verduideliking het hulle daarop gewys dat verskeie onvoorsiene uitdagings opgeduik het en die versekering gegee dat die verantwoordelike kontrakteur gepenaliseer is vir en steeds gepenaliseer sal word vir nienakoming van sperdatums
		● **Toestand van sportgronde** (in die besonder die rugbyveld)	■ Aanwesiges het daarop gewys dat die oppervlakke van sportgronde oor die algemeen in 'n swak toestand is, waarop lede van die wykskomitee geantwoord het dat voorsiening gemaak is vir 'n "breë plan" om alle sportgronde te rehabiliteer. Waar begrote fondse te kort skiet, is die voorneme om die hulp van die nasionale en/of Wes-Kaapse regering in te roep
WYK 10	**AANGELEENTHEDE GEOPPER**	**KWESSIES AANGESPREEK**	**TERUGVOER / PAD VORENTOE**
Pringlebaai, Rooi-Els, Mooi-Uitsig, Bettysbaai, Overhills, Poppedorp	**Tydige aansoeke om deernishulp:** Soos onder Wyk 9 hierbo gerapporteer	● **Vervanging van waterpype**	■ Tenderproses vir aanstelling van 'n nuwe kontrakteur vir 'n twee-jaar-tydperk word tans onderneem ■ Vervanging is egter onderworpe aan die beskikbaarheid van fondse
	Voortslepende stormwater-probleme (dreinering wat oorstroomde eiendomme en paaie tot gevolg het)	● **Responsiwiteit van munisipale amptenare en tekortkominge in kommunikasie**	■ Nuwe organisasiestruktuur sal na verwagting hierdie kwessie uit die weg ruim
	Bestuur van afval by aflaaipunt in Pringlebaai	● **Kelp-oestery**	■ Omgewingsbeamptes moet voorwaardes, soos vervat in wetgewing/regulasies, beskikbaar stel